Die Wapad

JAARGANG XIX — VRYDAG, 29 MEI 1964 — NR. 6

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

**CLAASSEN & GROBLER**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ *MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS*

*STUDENTERAAD REIK VERKLARING UIT:*

# RHODES BEOOG NOUER SAMEWERKING

**DAT 'n belangrike verwikkeling op nasionale studentevlak plaasgevind het, blyk duidelik uit die verklaring wat die Studenteraad na die besoek van 'n afvaardiging van Rhodes,.. aan die Wapad uitgereik het. Die ontmoeting het plaasgevind op Vrydagmiddag 15 Mei 1964 in die Raadsaal en het die grootste gedeelte van die middag in beslag geneem.**

**Die Rhodes afvaardiging het bestaan uit die Studenteraadsvoorsitter, mnr. M. Bands, en die sekretaris, mnr. A. Evans. Hierdie besoek is deur die Rhodes-S.R. op eie inisiatief van stapel gestuur en het ook die Studenterade van Pretoria, U.O.V.S., en Wits, ingesluit.**

Die verklaring lui voorts dat hierdie besoek gesien moet word in die lig van die aanvoorwerk wat reeds verlede jaar deur die Puk-studenteraad gedoen is met 'n soortgelyke besoek aan Rhodes.

**Die besprekingspunte was: die nuwe universiteit te Port Elizabeth, Sacsa, bywoning van vergaderings, sport en sake van algemene belang. Uit die besprekings het dit duidelik geblyk dat daar vrugbare stof vir bespreking tussen die Afrikaanstalige en en Engelstalige universiteite kan wees, aldus die verklaring.**

Die besoekers van Rhodes het hulle duidelik uitgespreek oor die „ongelukkige kloof" wat daar tussen die Afrikaans- en Engelstalige in Suid-Afrika bestaan. Hulle het verder verklaar dat die taak op hierdie geslag rus om die verhouding te verbeter. Dat hulle meen om ernstige aandag aan die saak te skenk, blyk uit hulle uitnodiging aan al die Afrikaanstalige noordelike universiteite om 'n studentekonferensie gedurende Augustus van hierdie jaar op Rhodes by te woon. Hierdie uitnodiging is reeds deur die P.U.-S.R. met dank aanvaar.

Beide studenterade het hulle egter uitgespreek dat met groot omsigtigheid in hierdie kontak te werk gegaan moet word. Die doel van hierdie konferensie, is geensins om 'n nuwe studenteorganisasie wat naas die A.S.B. of NUSAS sal bestaan, te stig nie. Dit is slegs 'n poging om sake van gemeenskaplike belang op S.R.-vlak te bespreek. Dit val ook binne die kontakbeleid van die huidige P.U. Studenteraad.

Die verklaring lui verder: „dat die P.U.-S.R. met groot waardering kennis neem van hierdie welwillendheidsgebaar wat miskien die aanduidings kan wees van 'n algemene tendens onder die konserwatiewe Engelstalige-student tot nouer samewerking met die Afrikaanstalige universiteite."

Nadat tee in die kafeteria genuttig is, is die besoekers op die kampus rondgeneem waarna hulle vertrek het.



FANIE DU PLESSIS

(Foto: Fotokuns).

# REKTOR EN GADE IS GASTE

Die inwoners van Uitspan, Heimat en Ons Huis was Maandagaand, 11 Mei, bevoorreg om as gashere en gasvroue op te tree, toe Prof.



PROF. BINGLE
Foto: Die Huisgenoot.

H. J. J. Bingle, die nuwe rektor, vergesel van sy gade, vir die eerste maal in amptelike hoedanigheid in 'n koshuiseetsaal geëet het. 'n Banier, wat gespreek het van spontane verwelkoming, het in die Heimat-eetsaal gehang.

'n Gesellige ete is opgevolg deur 'n toespraak van die Rektor — luimige gebeurtenisse uit die dae toe hyself nog in dié saal geëet het, is vertel. Mnr. J. Welding, Huiskomlid vir Heimat, het Prof. en mev. Bingle welkom geheet, waarop mej. Nicolette Coetzee van Ons Huis namens die kompleks 'n aandenking aan die Rektor en sy gade oorhandig het. Prof. Bingle het met 'n gepaste antwoord bedank, en gesê dat dit nie die geskenkie nie, maar die gebaar is wat spreek. Hy het ook beklemtoon dat studente tradisie moet behou en bou, want die leiers van die volk word uit die universiteit getrek.

Prof. Bingle het ook die huisgodsdiens waargeneem. Hy het voorgelees uit Psalm 16, en vers 6 beklemtoon om so wat hy reeds vroeër die aand gesê het by die Skrif te laat aansluit.

## IN MEMORIAM:

# JACOBUS DU PLESSIS

## 15.1.1942 — 9.5.1964

**DIE NAAM JACOBUS DU PLESSIS WAS OP DIE CAMPUS MAAR MIN GEHOOR; DIE NAAM KOOS DOEP DAARENTEEN WAS ALOMBEKEND. KOOS DOEP WAS BEMIND EN WAS BEKEND VIR SY VRIENDELIKE GEAARDHEID. HY WAS EGTER OOK 'N WARE SPORTMAN EN GEVIERDE EERSTESPANSPELER, LEWENSLUSTIG, MET 'N AANGENAME PERSOONLIKHEID.**

**Tyding van sy heengaan is deur sy baie vriende met verbystering en verslaenheid ontvang. Almal het geweet dat hy en Willie van Aarde die langnaweek in Lorenco Marques gaan deurbring. Niemand was dit egter ooit te wagte dat hy met die terugreis ná 'n motorongeluk die lewe sou laat nie. Eienaardig is dat Koos self 'n onverklaarbare voorgevoel gehad het dat hy nie sou terugkom nie. Voor sy vertrek het hy hom ook in hierdie gees van meer as een afskeid geneem.**



Wyle Koos se loopbaan as student was onbesproke; hy het daarin geslaag om sy studie en sport verstandig te kombineer. Die B.Sc.-graad is met die afgelope gradeplegtigheid aan hom toegeken en hy het ten tye van sy afsterwe reeds ver gevorder met sy honneursstudie in Mikrobiologie. Die Raad van die P.U. vir C.H.O. het hom vanjaar as Assistent in die Departement Mikrobiologie benoem. In hierdie hoedanigheid het hy uiters bevredigende en verdienstelike werk verrig en in die uitvoering van sy pligte uiterse getrouheid aan die dag gelê.

Op sportgebied, en by name op rugbygebied, was Koos 'n uitblinker. Reeds in sy heel eerste wedstryd as O/19-speler (in 1961) het sy spel besonder beïndruk. In dieselfde jaar is hy vir die Wes-Transvaalse O/19-span gekies. Aan die begin van 1962 het hy al vir die Universiteit se eerste span opgedraf en gereeld begeesterde spel gelewer.

Hy het drie rugbytoere meegemaak en verlede jaar met Intervarsity het hy hom as 'n werklik groot speler bewys.

Vervolg op bladsy 2

# Paul Steyn op Studenteraad



Foto: Gisela Maiwald.

Tydens 'n tussenverkiesing wat op Donderdag 21 Mei in die Studentesaal gehou is, is mnr. Paul Steyn verkies as S.S.B.-verteenwoordiger op die Studenteraad. Die verkiesing het plaasgevind na die bedanking van mnr. Lappies Labuschagne.

Mnr. Steyn het sedert verlede jaar vinnig opgang gemaak in die studentelewe. Vanjaar is hy ook die Voorsitter van die Huiskomitee van die Dawie du Plessis-kompleks, sekretaris van die S.S.B., kaptein van die P.U.-sokkerklub en varia-redakteur van die Wapad.

# Pukke neem kennis

**Intervarsity word vanjaar gehou op Bloemfontein en wel op die 22 Augustus.**

# OP EIE HOUTJIE

**Gorter het gesê dat musiek en alleenlik musiek in sy volheid die dieptes van die siel kan konkretiseer om deur die gehoor sintuiglik waarneembaar te wees: „ . . . Dat beeld dat is muziek, want wie kan horen dien wondren schijn weerklinken of tevoren breekt uit die diepste ziel en slaat te stuk een vroeger leven en zet met een ruk een nieuw toneel op van het nieuwe leven! . . . Dat is muziek, die heeft met alle dingen niets meer gemeen . . . Zielsleven is muziek: dat zijn de volle danzwellingen gevoel, de eeuwig gulle uitstromigen van klank ."**

Goeie musiek soos die van Beethoven, Meyerbeer, Weber, Bizet, Saint-Saëns, vertoef altyd in die midde van die mensdom; die mensdom vind in die meesterwerke altyd opnuut die geestelike waardes wat hulle, ondanks hulle wisselende opvattings, tog as die diepste en blywendste waarheid erken. Die voortvloeiing van klank uit die instrument is bloot die praktiese uitstorting van die komponis se ervarings en belewenisse; 'n verklanking van sy emosies en gevoelens, maar die teoretiese sentreer om die direkte gemeenskap van die papier en die emosioneel-vertolkende brein deur medium van die hand- en spierwerking.

Die musiek is die voortvloeiing van klank wat afkomstig is van 'n sekere melodiese, ineengeskakelde en gerangskikte aantal note, verwikkel en ontwikkel.

Omringende waarnemings en omstandighede het 'n groot invloed op 'n komponis. So het Beethoven se vyfde en laaste klavierkonsert in 1809 die inname van Wenen aanskou in die tyd van ontstaan. Die inval het Beethoven ongemaklik gestem. Hy het vertoef in die stad en is gedwing om skuiling te soek in die kelder van sy woning om weg te kom van die aanhoudende geraas van gewere en ander „geraasmakende oorlogsartillerie."

Deur die hele konsert is daar die opvallende, bykans teenklanke (wat egter nie botsende klanke is nie) wat die luisteraar as't ware wakker ruk met die intensie om hom gewaar te maak van die bombardering wat hy ook moes aanhoor en wat hom byna tot raserny gedryf het.

Onder die woord **musiek** word bedoel: alle gekombineerde klankeenhede wat nie net melodieus nie, maar ook evokatief te wees. Die melodie is daar om rigting aan ons te gee in verband met die beelde wat ons moet vorm as ons die klanke in hulle geheel gekombineerd aanhoor. So kan dit verklaar word: wanneer 'n persoon twee klanke of „note" hoor wat harmonieer, sal dit, as dit in 'n majeur toon verklank word, 'n helder sobere beeld in sy gedagte oproep; wanneer dié klanke op „note" dan in 'n mineurtoon verklank word, sal dit nog 'n helder maar 'n meer romantiese beeld oproep.

Die moderne mens beleef 'n tydperk van snelle ontwikkeling. Sommige is gefrustreerd, ander is verstom daaroor, ander aanvaar seks as die hoogste ideaal en ander weer materialisme. Hierdie frustrasie en onvermoë van die mens om die moderne eeu te aanvaar met al die revolusionêre idees en ontwikkeling, word deur die moderne komponiste uitgebeeld, op so 'n wyse dat dit van die gemeenskap deur die komponis aan die gemeenskap en daarom weet hy wat die tyd kan doen en hoe dit die mens beïnvloed. Hierin gee hy nie net sy eie gevoelens weer nie, maar ook die ervaringe en waarnemings van sy gemeenskapslede.



*hanlie van niekerk*

## Pukke woon Operas by

Die A.B.K.K. het op Donderdagaand, 21 Mei, en Vrydagaand, 22 Mei, vervoer gereël na Lucia di Lammermoor en Faust onderskeidelik. Ongelukkig kon net tien studente nog kaartjies vir eersgenoemde bekom maar na laasgenoemde opera het daar 43 gegaan.

Donizetti se opera, Lucia di Lammermoor gaan oor die eeu-oue Romeo en Juliet-intrige; die minnaar uit die een familie raak verlief op die heldin van 'n vyandelike familie. TRUK was gelukkig om vir hierdie wonderskone opera die uiters geskikte Mimi Coertze te kon bekom. Sy is die Suid-Afrikaanse koleratuur wat vandag beskou word as een van die beste eksponente van die Lucia-rol.

Faust, die opera van Charles Gounod, word deur die kritici veral geloof om die décor. „Die openingstoneel van die laaste bedryf verg 'n voortdurende, veertienminuutlange verandering van décor en verhoogbeligting . . . al hierdie wisselinge is suiwer gesinshriniseer met die musiek."

Die decor van die toneel in die onderwêreld was buitengewoon interessant.

Gé Korsten (Faust) en Hanlie van Niekerk (Margarete) was buitengewoon goed.

Hierdie twee operas is albei bygewoon in die Stadskouburg van Johannesburg.

# TELEURSTELLENDE DERDE MEESTERKONSERT

**(Die Wapad" het mnr. Henk Temmingh versoek om kritiek te lewer op die derde meesterkonsert).**

In 'n, vir 'n meesterkonsert, grieselrig leë Konservatoriumsaal het verlede Maandagaand die klavierspeelster Helena van Heerden en die sopraan Cecilia Wessels opgetree. Aangesien die meesterkonserte deurgaans deur ons Universiteit gereël word, moet as eienaardigheid vermeld word dat ons Maandagaand na 'n TRUK-aanbieding geluister het.

Nie dat ons nou soseer iets teen TRUK se konserte het nie, maar liedjies soos „Caro mio ben" en „Largo" (dié Largo . . . ) hoort miskien in stadsaaltjies van driestraatdorpies tuis, in elke geval nie in die P.U. se Konservatoriumsaal nie. As TRUK se hulp dan só noodsaaklik ingeroep moet word om ons meesterkonserte te versorg, laat hulle dan tenminste 'n waardige program lewer en laat Cecilia Wessels dan nie vir ons 'n versameling holruggeryde paradeperdjies opdis nie. Wie „snobis" wil skree, laat hom sy gang gaan.

Helena van Heerden het voor die pouse werke van Rachmaninoff en Mussorgsky gespeel. Ons vind haar 'n baie aangename verhoogpersoonlikheid, maar ons wil in alle beskeidenheid opmerk dat haar spel in sowel tegniese as musikale opsigte enige afronding behoef. Nogtans het haar voordrag geboei en veral in Mussorgsky se „Prente by 'n Uitstalling" was daar fraai momente.

Na die pouse het Cecilia Wessels met 'n aantal liedere en arias opgetree. Behalwe ons bogenoemde besware teen haar programkeuse kon haar voordrag ons nie boei nie.

Afgesien van ongerymdhede in verband met die interpretasie sou ons kon noem haar foutiewe plasing, oneffe registeroorgange, slegte intonasie (veral op die hoë note) en op sommige plekke verkeerde uitspraak van die Duitse taal. Tewens doen haar ietwat bombastiese gedrag op die verhoog vir 'n moderne gehoor enigsins vreemd en belaglik aan. Ons dink hier b.v. aan haar drie verskillende skouerbedekkings en borsspelde in die loop van 'n voordrag van hoogstens 'n halwe uur. Helena van Heerden het simpatiek begelei.

Alles te saam dus, ondanks ruikers en toegifte, 'n teleurstellende derde meesterkonsert.

Henk Temmingh.

## VICTOR IVANHOFF TREE OP

'n Teleurstellende klein groepie het Saterdagaand, 28 Mei, die uitvoering van Victor Ivanhoff, spotprenttekenaar van Die Vaderland, bygewoon. Nieteenstaande hierdie stremmende faktor het die kunstenaar energiek Russiese volksliedjies en ballades voorgedra aan die waarderende gehoor.

In die tweede helfte van die uitvoering het Ivanhoff ook 'n paar karikatuurskeste gemaak wat die gehoor baie gemoedelik en spontaan gestem het.

Ivanhoff het op uitnodiging van die A.B.K.K. hier opgetree.

Victor Ivanhoff het in 1920 na Suid-Afrika gekom en by die redaksie van Die Vaderland begin werk as spotprenttekenaar waar hy vandag nog werksaam is.

## In Memoriam

Vervolg van bladsy 1

Op 18 April vanjaar is hy in die Wes-Transvaalse B-span as losvoorspeler ingesluit. Hy was inderdaad 'n sterk aanspraakmaker op insluiting in die A-span. Vir die P.U.-Rugbyklub is sy heengaan 'n groot verlies. Sy medespelers vind dit moeilik om te aanvaar dat hy nie meer in hulle midde is nie. Vir hom was die spel loutere genot. Sy opgewektheid het altyd 'n aansteeklike uitwerking op sy spanmaats gehad.

As studentegemeenskap wil ons graag hiermee aan die nagedagtenis van Koos du Plessis hulde betuig en aan sy naasbestaandes ons meegevoel oordra. As gelowiges berus ons in sy heengaan; tog wil ons saam met sy dierbares uitroep: waarlik, sy son het ondergegaan terwyl dit nog dag was!

# VROU VOOR NUWE UITDAGING

**Hoewel die vrou in feitlik al haar handel en wandel op die wêreld van die man gerig is, het sy tog 'n eie wêreld, 'n inherente aard wat sy deur die geskiedenis behou het. Daarom het sy so 'n besondere taak in die gesinslewe. Maar die feit dat sy „Burgeres is van twee wêrelde" is ook haar probleem. So het dr. Lena Strating, lektrise in Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria Woensdagaand op 'n ledevergadering van Korps Veritas Vincet gesê. Sy het gepraat oor: „Die problematiek van die vrou in hierdie besondere tyd van ons bestaan."**

Die wêreld van die vrou word gekenmerk as die wêreld van versorging. „Versorging" kry hier 'n geestelike inhoud: dit is die handeling van 'n beminnende mens en word voltrek in die saamwees met 'n ander mens. Die wesenskarakter van die versorging is om te gee.

Die verandering wat daar in die gesinslewe ingetree het, stel die vrou voor nuwe eise. Die vrou beweeg vandag feitlik op alle terreine van die samelewing. Tog keer sy eindelik terug na die gesinslewe. Haar taak lê daar.

Die wesenlike probleem van die vrou van vandag is die tweespalt, die leef in twee wêrelde. Die veranderende wêreld stel 'n uitdaging aan haar: Sy kom te staan voor die eise van 'n nuwe waardering. Vanuit haar eie wêreld moet sy hierop ewewigtig antwoord gee.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi Wintermateriaal
★
Nomotta-wol in Voorraad

RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
**BRUIDSUITRUSTING**
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
**BLOEMISTE**
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

*Die Wapad*

VRYDAG, 29 MEI 1964

# NUSAS en Universiteit van Natal

Die goeie dinge in die lewe duur bestendig voort; dit gaan van krag tot krag. As iets haper, doen dit afbreuk aan die saak, wat dit ook al mag wees. Om op interuniversitêre vlak te bly, is daar die vergelyking: Die A.S.B. teenoor N.U.S.A.S. Eintlik kan mens nie die twee organisasies vergelyk nie, maar op syfers afgaande lyk dit as volg: Die A.S.B. het 'n ledetal van 27,000, teenoor N.U.S.A.S. se 17,000. Die A.S.B. is steeds besig om te groei en sy belange uit te brei, maar N.U.S.A.S. is besig om te verswak, miskien daarom wat hy al aan nie-blanke skoolkinders lidmaatskap wil gee.

So pas het die universiteit van Natal die lidmaatskap met Nusas opgesê na aanleiding van sekere feite wat aan die lig gekom het. 'n Dokument wat nie veronderstel was om in verkeerde hande te land nie, is ontdek en in die dokument word ondermeer verklaar dat Nusas se hoofdoel hulp aan die nie-blank bevrydingsbeweging is. Dit lyk of die moontlikheid bestaan dat die organisasie in die ban gedoen sal word. Dit blyk dus dat die A.S.B. in die opsig die steun van die ware Afrikanerstudent baie nodig het om hom in sy doel te steun. Die A.S.B. bewys homself as 'n organisasie wat op interuniversitêre vlak baie vir sy lede wil doen. 'n Goeie voorbeeld is die A.S.B.-Kongres en Kunsfees wat vanaf die 25ste Julie hier op Potchefstroom gehou word.

* * *

Na onlangse gebeure aan ander universiteite is die aandag van die publiek weer pertinent op die studente gerig. Daar word gesê dat ons die produkte van die tweede wêreldoorlog is, goed en wel, maar ook, ons is verwaand, selfversekerd, selfsugtig en onoorspronklik, maar tog ook in dieselfde asem dat ons ernstiger en meer godsdienstig is. Te oordeel na die verwysings van 'n klompie jare terug en wat toe gedoen en nie gedoen is, wonder mens of die stelling dat die student van vandag ernstiger en godsdienstiger is so onaanvegbaar is.

Tye verander egter en afleiding word op baie verskillende maniere gesoek — in die oog van die student is dit goed, maar die publiek aanvaar dit nie so nie — waar gaan die streep getrek word en is dit moontlik?

# Gebrekkige Afrikaans

Afrikaans is 'n volwaardige taal met 'n uitgebreide woordeskat. Twee taalbewegings is op tou gesit, totdat Afrikaans sy regmatige plek kon inneem.

Die beste Engels word gebruik op Engelse universiteite, o.a. te Oxford en Cambridge in Engeland. Ons kan vrywel ook aanvaar dat op die Afrikaanse Universiteite van die beste en suiwerste Afrikaans gepraat en geskryf behoort te woord. Is dit egter so?

In skaamte moet ons ons hoofde laat sak as ons hoor wat ons as studente van Afrikaans maak. Dit is voorwaar nie puik Afrikaans wat in die algemene spreektaal gebruik word nie.

Helaas, ook sommige van die doserende personeel gebruik direkte vertaalde woorde. Soms is daar geen Afrikaanse bruikbare woorde nie. Dan kan dit verstaan word. Waar daar egter duidelik en suiwer Afrikaanse woorde bestaan, is dit wenslik om wel daardie woorde te gebruik.

Elkeen op hierdie Afrikaanse Universiteit behoort homself of haarself te vergewis dat hy of sy alleen Afrikaans, die beste Afrikaans, in sy skryftaal, maar veral ook in sy spreektaal gebruik. Alleenlik dan kan die Afrikaans wat hier gebruik word as goeie Afrikaans beskou word.

## REDAKSIE

**Hoofredakteur: Hennie Viljoen — Tel. X09.**
**Assistenthoofredakteur: Gert de Ru — Tel. X09.**
**Tegnieseredakteur: Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Nuusredakteur: Gert Kruger — Tel. X09.**
**Sportredakteurs: Reinie Monster — Tel. X09.**
**Danie van Wyk — Tel. X041.**
**Varia: Paul Steyn — Tel. X041.**
**Adri Griffioen — Tel. X044.**
**Kunsredaktrise: Wilna Kruger — Tel. X044.**
**Interuniversitêr: Hannes van der Walt. — X068.**

# In U Lig

**Psalm 139 : 1.**
„HERE u ken en deurgrond my."

Ons kan die eerste ses verse van hierdie Psalm die loflied op die „klein dingetjies" noem. Dit gaan hier oor die sorg van God oor sy kind in die dinge van elke dag — die dinge wat so vanselfsprekend lyk. Ons hele lewe is tog 'n aaneenskakeling van sit en van opstaan, van gaan en van lê.

Die samevatting van dit alles is: HERE u ken en deurgrond my!

Hier staan die naam HERE in hoofletters. Dit is met ander woorde die God van die verbond — die God wat bewoë was oor die lot van sy volk in Egipte. In die verbond is Hy getrou — met 'n sterke hand lei God sy volk uit Egipte. En as God hulle uitgelei het, is die saak nie afgehandel nie. God bly in sy verbond werksaam.

God werk in die volheid van die tyd sy verlossingsplan uit en dit is 'n kunsstuk van hemelse skoonheid.

Die naam HERE beteken vandag vir ons: Die God en Vader van onse Here Jesus Christus.

HERE — in die taal van die Nuwe Testament: U wat in Christus tot my neergebuig het in U genade. U wat my in Christus verlos het. U wat ook nou my Vader is.

Hierdie HERE deurgrond my. Hy peil my tot op die bodem van my bestaan. Hy sien deur alles heen. Ek kan my nie vir Hom verberg nie.

Is dit iets om voor te bewe?

Ja seker heilige verwondering pas hier. Maar voorop staan — HERE, die God wat genade betoon!

Hy deurgrond en ken my.

Ken is tog iets anders as weet. Weet veronderstel op sigself 'n objektiewe kennisname. As ek weet van iemand, ken ek hom nog nie. So koud as wat die begrip „weet" is, so warm is die begrip „ken."

God ken sy volk — hulle leed gaan by Hom nie verby nie.

God ken die gelowige met heilige bewoënheid en vertedering. Hy ken die diepste skuilhoeke van my hart — dit wat vir my medemens verborge is.

God skep en onderhou die wêreld — wie kan dit begryp?

God laat Christus gebore word uit 'n vrou — my verstand kan dit nie omvat nie!

God is vervul met ontferming selfs oor die kleinste dingetjies van my alledaagse bestaan, my sit en my opstaan, my gaan en my lê — ek kan my maar net verwonder daaroor!

Dit open wye perspektiewe: God deurgrond my tot in die kern van my wese. Selfs die nietigste ding in my bestaan gaan by Hom nie onopgemerk verby nie.

Laat dit ook die rigsnoer wees in die studentelewe.

HERE .. u Ken en deurgrond my — in die oomblikke van sukses en triomf, maar ook in die oomblik van worsteling en leed!

God sluit my in van agter en van voor!

Hy dra my van wieg tot graf!

Hy deurgrond my in my nietigheid, maar ken my ook in die aanvegtinge van Satan!

Hy sal my dra en bewaar tot die einde toe!

„ . . . en word ek eenmaal wakker, dan is ek nog by — U"

C. J. H. Venter.

# Studenteverenigings Word Mode

Studenteverenigings met betrekking tot die akademiese vakwetenskappe het mode geword op die Kampus van P.U. vir C.H.O. Met die toevoeging van die Perswetenskaplike studente het die getal nou tot ongeveer tien opgeskuif.

Alreeds spog die volgende met verenigings:

Die Tokkelokke, die Aptekers, die Ekonomiese studente, die Maatskaplike Sorg studente, die Sielkundestudente, die Wysbegeerte studente, die Perswetenskapstudente, die Duitse studente, die Letterkunde studente en die Gimnastiek studente. Sommige van die vereniging is ope verenigings, ander alleen vir persone wat die vak neem. Daar sal waarskynlik nog heelwat toevoegings kom.

# BRIEWE VAN ONS LESERS

**Geagte Redakteur,**

Met hulle toetrede tot die geledere van die rugbyklub het die aptekers 'n prysenswaardige voorbeeld gestel. Uit hulle eie geledere het hulle 'n rugbyspan saamgestel en reeds verskeie wedstryde gespeel waarin hulle baie wel deeglik onderskei het. In hulle geledere is daar 'n paar manne wat tot groot hoogtes kan gaan. Hulle het nie alleen 'n voorbeeld gestel nie maar ook bewys gelewer dat ons nie noodwendig goeie of uitstaande spelers hoef te wees nie maar dat ons benadering en grondslae van rugby as sportsoort net reg moet wees.

Aan al die maer stukkend gesleepte, en mistroostige manne op die Puk wat hulle ledige uurtjies omgesels en droogmaak, wil ons net sê „toe kêrels, daar is vir julle gewys hoe word dit gedoen, moenie agterbly nie" Aan die aptekers met hulle grootse poging wil ons net baie dankie sê en hou so aan manne,

Saterdag speel ons teen Pote; laat ons opruk en ons self mobiliseer teen die oponente en laat ons hulle met 'n groot gees tegemoet gaan en die geskiedenis uit die goeie ou tyd (1958) weer herleef.

Ek heb gezeg,
Kitbag Briers.

# UNIVERSITEITS-BIBLIOTEEK NO. 2

**Hiermee plaas ons die tweede aflewering van „Ons Universiteitsbiblioteek" wat goedgunstig geskryf word vir „Die Wapad" deur Prof. H. C. van Rooy en sy staf. Ons wil die lesers net daarop wys dat van die inligting, in hierdie en komende aflewerings, vrugbaar gebruik gemaak kan word. (Red.)**

**In die vorige bydrae is beklemtoon dat kennis van die inhoud van die biblioteek en van die dienste wat gelewer word, noodsaaklik is om volle voordeel uit die gebruik daarvan te verkry. Daarom word hier vervolgens iets vertel van wat alles in die biblioteekgebou aangaan.**

**Alle gereelde gebruikers van ons universiteitsbiblioteek is goed bekend met die uitleen- en tydskrifafdelings met hulle onderskeie studiesale, waarin o.a. 'n groot aantal nuttige naslaanwerke gehuisves word, hulle boekemagasyne en uitleentoonbanke. Sommige van die groot verskeidenheid soort publikasies wat in hierdie twee afdelings gehuisves word, verdien egter spesiale aandag in latere besprekings.**

Vir die dosente en studente van die Teologiese Skool en van die departement Musiek en die Musiekkonservatorium is daar spesiale voorsiening gemaak in die vorm van takbiblioteke by elk van die twee inrigtings. Hierdie twee biblioteke is afdelings van die universiteitsbiblioteek en beskik elkeen oor 'n voltydse biblioteekpersoneellid. Alle boeke, naslaanwerke en tydskrifte oor die betrokke vak word in elkeen van hierdie twee takbiblioteke gehuisves.

Naas hierdie algemeen bekende afdelings van die biblioteek kan daar ook nog enkele ander afdelings en versamelings genoem word waarmee die gewone gebruikers nie so dikwels te doen kry nie. Die biblioteek beskik bv. oor 'n mikrofilmleesapparaat en 'n versameling mikrofilms van publikasies wat nie meer in hulle oorspronklike vorm te kry is nie, tydskrifartikels en van volledige stelle van koerante. Spesiale boekeversamelings wat vermelding verdien, is die Carney-versameling van Africana en die Hertzog-versameling van regsboeke oor veral die Romeins-Hollandse reg. Hierdie versamelings is vanweë hulle kosbare en soms seldsame inhoud nie vir uitleen beskikbaar nie, maar werke daaruit kan op aanvraag in die biblioteek geraadpleeg word.

Die werk wat in die biblioteek verrig word is egter nie alleen beperk tot die bekende uitleen- en naslaandienste wat deur elke gebruiker waargeneem word wanneer hy die biblioteek besoek nie. Van die 31 personeellede in die biblioteek werksaam, is slegs 7 direk gemoeid met diens aan die publiek. Die taak van die ander 24 personeellede is egter ook daarop toegespits om te verseker dat die biblioteek die bes moontlike diens aan sy gebruikers sal kan lewer en die meeste van hulle is hoofsaaklik besig om boeke vir gebruik aan te skaf en voor te berei. Dit geskied veral in die aanskaf- en katalogusafdelings waar publikasies bestel, ingeskakel en gekatalogiseer en geklassifiseer word. Deur hierdie mense se arbeid word o.a. die belangrikste ontsluitingsmiddel tot die biblioteek se voorraad, nl. die biblioteekkatalogus, daargestel.

Naas die genoemde afdelings beskik die biblioteek ook oor sy eie boekbindery, afrolmasjiene en fotokopieëerapparaat.

P. Aucamp.

## EERSTEJAARS OORWINNAARS

In 'n enigsins saai en onaanskoulike rugby wedstryd het die Eerstejaars van Dawie Du Plessis Huis Noord op Saterdag 16 Mei hulle ouhere die loef afgesteek. Dit kon allerweë verwag word, aangesien nie een van die twee spanne kon spog met honderd persent fiks spelers nie.

Hierdie wedstryd is gespeel in die gees van 'n proefwedstryd, en elkeen het besef dat hy net sy beste moet lewer. 'n Wedstryd teen Suid word in die vooruitsig gestel met die oog op die samestelling van 'n gekombineerde Dawie Dup span wat in die koshuisliga sal optree.

## DUITSE VERENIGING HOU KONSERT

**Die Duitse Vereniging het goeie reklame gemaak vir hulle konsert van 19 Junie, met 'n serenade op Maandagnag 18 Mei.**

**Hierdie konsert beloof om verskeidenheid aan te bied en gaan 'n groteske Duitse atmosfeer hê deur middel van fleurige Duitse Volksdrag en Duitse bier!**

**Op die program word Duitse Volksliedjies, vioolmusiek, voordrag en 'n toneelstuk aangebied. Die mense wat nie Duits ken nie, sal die konsert ten volle te geniet, want die teks sal in alle gevalle in Afrikaans verklaar word, hetsy op die program of deur aankondiging.**

## Lidmaatskap aan Professore

Aan ses professore van die Universiteit is onlangs volle lidmaatskap deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken.

Hierdie onderskeiding is verleen aan prof. J. H. Coetzee, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte; prof. W. J. Snyman, Teologie; prof. J. A. van Eden, hoof van die Departement Dierkunde; prof. R. A. J. Ryke, Direkteur van die Instituut in Dierkundige Navorsing; prof. dr. T. T. Cloete, Afrikaans-Nederlands en prof. J. A. L. Taljaard, Wysbegeerte.

## N.-ADMINISTRASIE TOER

'n Aantal Naturelle-Administrasiestudente het op Vrydag 17 April onder leiding van mnr. J. Henning van die departement Naturelle-administrasie 'n besoek aan die Vaal Reefs-myn duskant Orkney gebring.

Veral die gasvryheid van die bestuur het daartoe bygedra dat hierdie toer besonder geniet en waardeer is.

Van interessante belang is die wyse en meriete waarop die bantoemynwerkers beoordeel word. Swak optrede van die kant van die blanke personeel teenoor die nie-blanke werkers word ook glad nie geduld nie. Om hierdie besondere verhouding te bevorder word aan albei groepe kursusse gegee waarin daar veral gelet word op die hoedanigheid waarin hulle teenoor mekaar moet optree.

Dit ontbreek ook nie aan opleiding vir die Bantoes met betrekking tot hulle arbeid nie. Hierdie aanlegtoetse wat dan afgelê word, bepaal vir watter spesifieke soort werk hulle veral geskik is en die werkers word dienooreenkomstig ingedeel. Hierdie selekteringsproses dra veral by tot die ekonomiese besteding van krag terwyl die werker self ook tevrede is met die werk.

Wat opmerklik is van hierdie Bantoes is dat hulle veral leergierig is. As voorbeeld kan genoem word dat hierdie geheel-en-al ongeletterde naturel uit Portugees-Oos-Afrika, Angola of uit die Protektorate, wat nog nooit eens 'n potlood of pen gesien het nie, binne vyf of ses maande die gebruik van lees en skryf redelik magtig is.

Nadat die innerlike op tipiese studente-wyse (en op koste van die mynbestuurder natuurlik) versterk is, is 'n besoek aan die mynkampong gebring.

Wat verrassend is, is die feit dat hierdie 5,500 mynwerkers van die beste fasiliteite tot hulle beskikking het. Dit sluit in o.a. die mees gemoderniseerde huisvesting soos binneveer-matrasse, radio's, ens. Hulle sportgeriewe is ook van so 'n gehalte dat dit die Internasionale Olimpiese Komitee op hull neuse sal laat kyk oor al hulle uitlatings.

## Kongres en Kunsfees te Potchefstroom

**Die jaarlikse uniale A.S.B.-Kongres en Kunsfees word vanjaar te Potchefstroom gehou. Die Potchefstroomse Onderwyskollege en die P.U. vir C.H.O. werk vanjaar saam en die Universiteit bied die Kongres aan terwyl die Kollege verantwoordelik is vir die Kunsfees.**

As gevolg van omstandighede buite beheer van die hoofbestuur kan die Kunsfeesreelings eers laat begin. Daar word egter vertrou dat dit geen verskil sal maak aan die kwaliteit en kwantiteit van inskrywings wat verwag word nie. Die musieknommers vind plaas in die Konservatorium van die Universiteit, wat as een van die bestes beskou word, terwyl 'n baie doeltreffende saal vir die Kongres gebruik sal word.

Die Woensdagaand-dinee en Vrydagaand-konsert van die Kongresweek beloof om iets besonders te wees. Vir beide geleenthede word na Stilfontein en Klerksdorp onderskeidelik gereis. Die Konsert sal moontlik in die nuwe Burgersentrum van Klerksdorp gehou word.

Graag word 'n versoek aan alle studente gerig om op te ruk na hierdie Afrikaner-Studentesaamtrek. Dit is 'n uitstekende geleentheid om met medestudente van ander inrigtings kennis te maak, om eenheidsbande te verstewig, om die Afrikaanse kultuur hoog te hou en om sake van aktuele belang te bespreek. Die Kongres vind plaas van 30 - 25 Julie 1964 te Potchefstroom. As u nog nie ingeskryf het nie, skakel met u A.S.B.-bestuur. Laat dit 'n regte studentefees wees.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
TRANSVALIA MEUBELS
Tel. 2157 Kerkstraat 180
POTCHEFSTROOM
„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."
Turkstra
TE KRY BY U KAFETERIA


Dit is die snit wat tel . . .
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
J. Tod Suttie
Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 1

BIERMANSKAP!
LION LAGER
LEEUPLESIER!
VZ004034/2

# SPOGGERIGE TENNIS

**Wat die P.U.-Tenniskampioenskappe betref, begin sake nou 'n klimaks bereik en kan binne die volgende twee weke verwag word dat die kampioene van 1964 bekend sal wees.**

**Wedstryde wat onlangs afgespeel is, is die volgende: In die dames-enkelspel het Leen Dreyer so tussen die „swot" deur daarin geslaag om vir Marieta Brink met 6 — 4, 6 — 3 te klop. Leen bereik gevolglik nou die finaal in die dames-enkels waar sy te staan sal kom teen die wenner van die wedstryd tussen Anna Venter en Hettie Jamneck.**

Die mansenkelspel het so byna-byna 'n verrassing opgelewer deurdat Lourens Roux vir Dawie Smith hardebene laat kou het. Dawie was gelukkig om te wen met 6-1, 1-6, 7-5. Dawie kom nou in die finaal te staan teen die wenner van die wedstryd tussen Theo Malan en Lappies Labuschagne. Lappies het onlangs met Gerrit Scholtemeijer klaargespeel met 'n telling van 6 — 0, 6 — 3.

In die Winterliga het die Pukke ook goed gevaar tot dusver en het die mans die Landboukollege met 4 wedstryde teen 0 geklop. Die dames het ook die span van Ventersdorp met die kous oor die kop huistoe gestuur. Wat die Wes-Transvaalse kampioenskappe betref, is die Pukke reeds baie uitgedun. In die kwarteindronde moes Dawie die knie buig voor Jannie de Beer wat 7-5, 6-1, gewen het. Dawie het ook in die mansdubbels die kwarteindronde bereik en moet sake daar nog uitspook. In 'n aanskoulike wedstryd waarin Pieter van der Walt met 'n goeie spel vorendag gekom het, het hy verloor teen die bekende gegradeerde speler, Gham de Wet.

Dan kan die Pukke spog met drie spelers wat plek gekry het in spanne wat op Ellispark gaan meeding. Dawie Smith en Theo Malan is albei gekies vir die Potchefstroomse span, terwyl Lourens Roux gekies is om sy tuisdorp, Louis Trichardt, te verteenwoordig.

# DAMESHOKKIE

Die P.U.-dameshokkie is nog steeds van hoë gehalte. Die sterk span van Carletonville kon die Pukke Saterdag nie onder stof loop nie. Die eindtelling van dié spannende wedstryd was drie doele elk.

Laura Benade het, ondanks die pyn wat sy moes verduur, as gevolg van 'n besering 'n pragwedstryd gespeel en 'n doel geskiet vir haar span.

Die ander twee doele van die Pukke is deur Este Martins aangeteken. Die kapteine bly die steunpilaar vir haar span.

Hierme ook hartlik geluk aan kapteine, Este Martins, met haar insluiting in die Wes-Transvaalse dameshokkiespan. Dis voorwaar 'n groot prestasie! — Red.



**TOY DANNHAUSER**
**(Kapt. 1960)**
**Foto: Fotokuns.**

# PUK SE BABAS WEN 49 - 0

Om dertien drieë in een wedstryd te sien, is iets besonders, maar om al dertien deur dieselfde span gedruk te sien, is iets seldsaam.

Verlede Saterdag op die Park het mens 'n suksesvolle toepassing van die nuwe reëls gesien, toe hardlooprugby soos min gespeel is. Weermag O/20 B moes daaronder ly toe die Puk se O/20 A-span hulle met 49 — 0 geklop het. Die wedstryd h e t gelukkig nie soos ander wegholwedstryde los geraak nie. Mooi samespel tussen voor- en agterspelers is gesien.

# Manshokkie nog steeds onoorwonne

**Die eerste manshokkiespan is nog nie op hul segetog gestuit nie en het twee weke gelede daarin geslaag om met 3 — 1 teen Goldfields-Wes die oorwinning te behaal. Hulle het egter Saterdag op Carletonville teen dieselfde span kragte gemeet waar hulle moes tevrede wees met 'n gelykop beslissing van 1 — 1. Die spelers begin nou hul voete vind en onder die bekwame afrigting van mnr. Wim Voordewind behoort 'n oorwinning of twee op die Toernooi nie uitgesluit te wees nie.**

Die tweedespan het egter tot dusver nie te waffers gevaar nie. Dit is hoogs waarskynlik daaraan te wyte dat daar vanjaar 'n hele aantal spelers is wat vir die eerste keer hierdie sportsoort beoefen. Die tweede span moes die onderspit delf teen Boys High met 1-5; teen Proefplaas, die huidige voorlopers in die liga, met 2-4 en teen Strathvaal met 0-3. Hulle kon slegs teen die Tegniese Hoërskool 'n oorwinning behaal, naamlik met twee doele teenoor nul van hul opponente.

Dit wil voorkom of die Wes-Transvaalse keurders eintlik klei getrap het met hul Wes-Transvaalse manshokkiespan. Die eerste manshokkiespan, wat nog nie 'n ligawedstryd vanjaar verloor het nie, staan ongetwyfeld weer eens 'n buitengewoon goeie kans om weer vanjaar bo-aan die punteleer te eindig. Nou is die ironie van die saak dat geeneen van die spelers daarin kon slaag om vir Wes-Transvaal gekies te word nie, nadat 8 van die 24 proefspelers juis Pukke was. Ons wil geensins die bekwaamheid van die keurders onderskat nie; dog dis jammer dat hierdie toedrag van sake juis in Wes-Transvaal moet heers.

PAN COETZEE

*Mans- en Sport-Uitrusters*

TEL. 899
POTCHEFSTROOM

★

P.U.-KLEURE
MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

# DORP KRAAI KONING

Die sokkerspan van Dorp het daarin geslaag om Uitspan die loef af te steek in die Koshuisliga met 'n 3-2-oorwinning, om sodoende bo-aan die punteleer te staan te kom. Over de Voor moes ook teen hulle in die stof byt met 'n 4-1 neerlaag.

Heimat kon ook nie die paal haal teen Dawie Dup (S) nie, 2-4, maar kon die versterkte Dawie Dup (N) met 3-2 verslaan.

Die punteleer is:

Dorp 7; Uitspan 4; Dawie Dup (S) 4; Heimat 3; Over de Voor 0; Dawie Dup (N) 0.

Daar word met spanning uitgesien na die wedstryd tussen Dawie Dup (S) en Dorp wat op 6 Junie gespeel sal word. Dit beloof om die spannendste wedstryd te wees, want Dorp moet dan sy voorsprong verdedig teen die sterk span van Dawie Dup (S).


# STERK OUD-„THEOS"-SPAN GEKIES VIR RUGBYDAG

**Volgens alle aanduidings gaan die Rugbydag van 13 Junie 'n ongeëwenaarde gebeurtenis in die Puk se rugbygeskiedenis wees. Die P.U.-Rugbyklub is lankal reeds besig met voorbereidings om 'n waardige bydrae van ware feesrugby te lewer in hierdie jubileumjaar van rugby in Suid-Afrika.**

**Die wedstryde vind op die Puk se rugbyvelde plaas, waar die program kortliks soos volg is:**

**1.45 nm. — Tukkies O/19 A vs. Puk O/19 A**
**2.45 nm. — Oud-„Navy"-span vs. vanjaar se Tweedespan.**
**4.00 nm. — Oud-„Theos"-span vs. vanjaar se Eerstespan.**

Net die idee van 'n wedstryd tussen 'n span van Tukkies en een van die Puk be-



**PIET BOSMAN**
**(Kapt. 1961)**
**Foto: Fotokuns.**

hoort al die belangstelling gaande te maak. Neem daarby in ag dat die oud-Pukspanne uit uitsoekspelers bestaan en u vind die nodige bestanddele vir 'n gedenkwaardige rugbydis.

Die uitnodigingspanne is as volg saamgestel (provinsiale en voormalige provinsiale spelers word met 'n asterisk aangedui):

**Oud - Eerstespan:** Schalk Hoogenboezem, Leon Thom*, Jan van der Schyff*, Johan van der Schyff*, Fanus Blom* Piet van der Schyff* (of Kerrie Kruger*), Bok Fourie, Piet Bosman*, Piet Bingle*, Dick Putter* (Kaptein), Koos du Plooy*, Toy Dannhauser*,



**DE WET KRUGER**
**Foto: Fotokuns.**

Herman Venter*, Nic Fourie*, Terry Rösscher, Bestuurder: ds. „Fires" van Vuuren*

**Oud-Tweedespan:** Hannes Sauermann, Peet Oeschger, Tjaart Steyn, Callie Goosen, Japie Claassens, Louw Erasmus, Piet Hugo, De Wet Kruger*, Wynand Putter, Buks Kleynhans, Willem Grönum, Mac MacDonald (kaptein), Pierre Maritz, Johan de Bruyn, Gustaaf du Toit, Bestuurder: mnr. W. L. du Plessis.

Dit is interessant dat vyf „stelle" broers na verwagting aan wedstryde sal deelneem, te wete:

Jan, Johan en Piet van der Schyff; De Wet en Jan Kruger; Koos en Andries du Plooy; Dick en Wynand Putter; en Dawid en Hannes Sauermann.

Een van die oud-„Navy"-spelers, Japie Claassens, kom so ver as 360 myl noord van Windhoek — spesiaal vir die wedstryd! Een en almal van die uitnodigingspelers doen groot opofferings om op eie onkoste oor te kom. Baie kom ver; om 'n paar te noem: Peet Oeschger (Durban), Tjaart Steyn (Kuruman), Fanus Blom (Vryburg), Johan de Bruyn (Newcastle), Piet van der Schyff (Kaapstad), Leon Thom (Phalaborwa), Jan van der Schyff (Groblersdal) en Nic Fourie (Bloemfontein). Na die wedstryd bied



**PIET BINGLE**
**(Kapt. 1963)**
**Foto: Fotokuns.**

die Rektor vir hulle 'n buffetete in die Studentesaal aan.

Wat die program aanbetref, wag daar vir belangstellendes 'n aangename verrassing. Onder die toeskouers sal daar verskeie gesiene rugbypersoonlikhede wees: oud-Springbok Felix du Plessis, die Voorsitter en die Sekretaris van die Wes-Transvaalse Rugbyunie, oud-Springbok Johan Claassen en so meer.

So is rugby maar — hy gooi mense van heinde en ver



**KOOS DU PLOOY**
**Foto: Fotokuns.**

met uiteenlopende belange by geleenthede soos hierdie saam as een groot homogene groep.

**Sportgeselsie · deur Rydan**

# RUGBYBESTUUR OP DWAALSPOOR

**U sal onthou dat, nadat die rugby-koshuisliga verlede jaar met redelike sukses afgehandel is en die beker deur Dorp gewen is, daar vanjaar deur die bestuur van die Rugbyklub aangekondig is dat die liga op 'n nuwe basis sal verloop en dat slegs spelers wat nie lede van die Rugbyklub is nie, aan die liga sou kon deelneem. Die doel hiervan was om nie-spelende of „rustende" spelers weer na die veld te probeer trek.**

**Teoreties het die hele saak baie mooi geklink. Tot dusver is egter nog niks verder aangaande die liga verneem nie en het sommige reeds aangeneem dat dit na 'n redelik goeie begin 'n vroeë dood gesterf het.**

### HOUDING ONVERSTAANBAAR

Hiervoor moet die Rugbybestuur al die skuld dra. Hulle houding dat die reëling van die liga vanself uit die verskillende koshuise na vore moet kom, is op hierdie stadium onverstaanbaar en selfs belaglik. Iewers moet daar tog 'n sentrale persoon of persone wees wat byvoorbeeld die wedstrydrooster opstel, die koshuise in kennis stel wanneer hulle moet speel, die punte kontroleer en so meer. Hiervoor is die bestuur van die Rugbyklub die aangewese liggaam.

Om een of ander rede wil laasgenoemde egter niks van hierdie verpligtinge weet nie en het hulle hulself met allerhande mooipraatjies losgemaak daarvan.

### SOKKERLIGA GOEIE VOORBEELD

Oor die voordele van die koshuisliga (die enkele nadele kan beslis nie opweeg hierteen nie) het ek by 'n vorige geleentheid genoeg gesê — en onder „koshuisliga" verstaan ek 'n behoorlik georganiseerde stelsel, en nie (soos die Rugbybestuur blykbaar) 'n paar los uitdaagwedstryde waarna dit elke span wat een of twee wedstryde gewen het, sal vrystaan om dit uit te cassius: „Ek is die beste!" nie. Die Sokkerliga, wat besonder glad verloop, kan as 'n goeie voorbeeld dien.

Wat die spelers betref, heers daar in die koshuise beslis 'n gees van bereidwilligheid om saam te werk. Die bestuur van die Rugbyklub moet net goed besef dat indien dit moet blyk dat die koshuisliga wat rugby betref, wel doodgeloop het, dit op hulle gewete sal rus dat 'n gulde geleentheid om rugby op die Puk 'n goeie stoot vorentoe te gee, deur die mat geval het.

## Tennisuitslae van Winterliga

*Mans*—Die Puk se span wat erg verswak was a.g.v. die gereelde spelers se deelname aan die Wes-Transvaalse kampioenskappe, het 'n deeglike pak slae teen Park I op die lyf geloop, Saterdag 2 Mei. Nogtans was die ondervinding veel werd vir die jonger manne; die span het bestaan uit Lourens Roux, Larey Heydenreich, Bob Wenteler en Kobus Meintjies. Die tweede span kon ook nie die pyp rook teen die meer ervare teenstanders van Ventersdorp nie en het soos die eerste span ook met 4—0 pak gekry. Hier was dit Jan van der Walt, E. Boshoff, Johan Sander en Pieter van der Walt (eerstejaar) wat die Puk verteenwoordig het.

*Dames*—Op die Puk - bane het die eerste span bestaande uit Leen Dreyer, Marita Brink, Hettie Jamneck en Anna Venter met drie wedstryde teen die een van Pote geseëvier, nadat Leen en Anna die enigste wedstryd na drie stelle afgestaan het. Die tweede span het ook teen Pote op Weermag se bane gespeel en 'n naelskraap oorwinning behaal. Die wedstrydtelling van twee elk, maar de Pukke het ses stelle teenoor die vier van Pote gebuit. Die Pukspan het bestaan uit Cecilia Schutte, Jeanette Venter, Marietjie Lessing en Piet Coetzee.

## Pukke in Wes-Tvl. se O/20 Span

**Vier Pukke, Andries du Plooy (senter), Leon de Bruin (flank), Danie van Wyk (vleuel) en Vaatjie van der Merwe (voorry) het op Saterdag 16 Mei vir die Wes-Transvaalse O/20-span in die wedstryd teen Vrystaat opgetree. Die Vrystaters was gelukkig om 'n besonder aantreklike en lewendige wedstryd met 9-8 te wen.**

## SOKKER

Die B-span kon vanjaar nog nie veel uitrig nie, hul kontrole van die bal is nog baie swak en afwesigheid van tegniek is hulle grootste swakheid. Die A-span het nog nie baie swak vertoon nie, en hulle is elke keer ongelukkig om nie te wen nie.

Die volgende wedstryde is gespeel:

9 Mei: Strathvaal B teen Puk A 2-3;

16 Mei: Benfica teen Puk A 6-1; Strathvaal A teen Puk B 11-0;

20 Mei Puk A teen Puk B 3-2;

23 Mei Westvaal-Rangers teen Puk A 3-3.

# EERSTESPAN BEHAAL GROOTSTE OORWINNING IN JARE

## Speel Sasol van hul voete af

**Vir die eerste keer in 'n lang tyd kon Puk-ondersteuners se harte weer warm klop oor 'n vertoning van die Eerstespan. Op Saterdag 16 Mei het "Theos" vir Sasolburg op hulle tuiswerf oorrompel met 'n telling van 25 punte teenoor 3. Met rustyd was die Puk reeds 11 — 3 voor.**

**In hierdie wedstryd het die spelers getoon dat hulle begin fiks word. Die voorspelers het meedoënloos saamgejag en kon feitlik deurgaans onder die spreekwoordelike bokseiltjie toegemaak word. Die agterspelers het voluit en reguit genael en was altyd vol planne.**

Faan van Tonder het geblyk 'n sukses te wees as senter en het goed met Gerrit Scholtemeijer gekombineer. Harry Meadon het getoon dat hy 'n



SPEKKIES DE VILLIERS
Foto: Fotokuns.

opportunis by uitstek is — sy twee drieë getuig daarvan. Skakelpaar Gieter van der Walt en Dries Redelinghuys was die bestendigheid self, maar Chris Aucamp het teleurgestel.

Dit is egter Spekkies de Villiers wat met die tipe spel vorendag gekom het wat as uitstaande bestempel kan word. Hy het byna geen fout op die verdediging begaan nie en was ook op die aanval telkens 'n doring in sy teenstanders se vlees. Sy skepskop in die tweede helfte, toe Scholtemeijer vir 'n oomblik na heelagter verskuif is, sal nog lank onthou word.

Onder die voorspelers is dit moeilik om uitsonderings te maak, maar veral Bulletjie de Beer en Dries de Wet het telkens die aandag getrek. Hulle goeie spel is dan ook bekroon met 'n drie elk. Dave Tromp en Jan Kruger het die lynstane heeltemal oorheers.

Behalwe die drieë van Meadon, De Beer en De Wet en die skepskop van De Villiers, het die ander punte gekom as as gevolg van 'n drie van Poen Duvenhage, 'n strafskop en twee vervyfskoppe van Spekkies.

Ander uitslae van Saterdag 16 Mei was as volg: Sasol II 32, Navy 8; Sasol III 8, Fires 3; P.U. O/20A 8, Sasol O/20 5; Potch. Dorp IV 16, Tekkies 3; P.O.K. O/20B 14, P.U. O/20B 13.

# P.U.-Gimnaste Presteer Weer Eens

**Die W.T.A.G.U. het op Saterdag, 23 Mei, in die P.U.-gimnastieksaal, sy eerste gimnastiekkampioenskappe gehou. Tydens hierdie geskiedkundige gebeurtenis het die P.U.-gimnaste weereens getoon dat hulle tot groot hoogtes instaat is.**

In die tweede graad het mnr. W. J. Putter koning gekraai en eerste gekom. Hy was die beste gimnas (in die tweede graad) op die perd, ringe, brug en s o o s te verwagte, die k o n i n g op „die koning van alle apparate" naamlik die rekstang. Mnr. Putter het vertoonreekse gedoen op die rekstang en die brug. Dit het menige toeskouer die asem laat ophou.

Kallie Kriel, 'n belowende jong gimnas, het tweede gekom in die tweede graad. Hierdie gimnas is 'n tweedejaar en sy gimnastiektalent is ver bokant die gemiddelde. Hy is slegs lid van die klub en nie 'n L.O.-student nie. Sy vrystaanreeks, waarmee hy die eerste plek verower het, was puik. Verder het hy tweede plekke behaal op die kas, ringe, rekstang en brug. Hy eindig tweede in die tweede graad.

Jorrie Jordaan het hom baie knap gedra en kan spog as die gimnas wat derde gekom het in die tweede graad.

Mej. Bester en Hester van der Walt het onderskeidelik eerste en tweede gekom in die tweede graad kompetisie vir dames. Eersgenoemde het met die kassprong, tuimel en ritmies gewen, terwyl Hester eerste was met 'n pragtige brugreeks, en met die ,balreeks.

Bogenoemde vyf Pukke is onder andere ook lede van die Wes-Transvaalse gimnastiekspan wat aan die Suid-Afrikaanse byeenkoms moet gaan deelneem.

Ander Pukke in hierdie span is Tjaart (Cassanova) van der Walt, wenner van die derde graad kompetisie vir mans. Hy was eerste met die reekse op die perd en rekstang en met sy vrystaan-reeks. Cassie is 'n gimnas wat gimnastiekaanleg besit wat van 'n hoë gehalte getuig.

Die eerstejaar, Pierre Joubert, het ervare gimnaste in die stof laat byt en derde geëindig in die derde graad. Van hom, kan nog veel verwag word in die toekoms. Hy is die derde lid van die Wes-Transvaalspan.

Met die P.U.-dames wat aan die derde graad kompetisie deelgeneem het, het dit nie so goed gegaan nie, in die sin dat hulle geen deelneemster in die Wes-Transvaalse span gekry het nie.

Die klubwenners was die P.U.-gimnastiekklub. Die tweedegraad-wenners was die P.U gimnastiekklub en die P.U. gimnastiekklub se derde graad mans het die tweede plek in hulle afdeling behaal. Hulle is met .2 geklop deur Carletonville.

Die Pukke se gimnastiekklub toon jaarliks vooruitgang en ons vertrou dat dit met die Wes-Transvaalse gimnastiekspan baie goed sal gaan op die S.A.A.G.U. se kampioenskappe gedurende die Julievakansie.

## Judo: Gordels verwerf

'n Kenmerk van die onlangse gradering gehou in die Studentesaal, was die strewe om die standaard van die gordels so hoog moontlik te hou.

Dit was verblydend om te merk dat die gradering dié keer strenger plaasgevind het, hoewel dit in sommige gevalle merendeels van toepassing was op teoretiese kennis. Die Pukke wat deelgeneem het, het beslis almal hulle gordels verdien. Die uitslae is: Stevé van der Walt — Blou, Dries de Jager — Groen, Theo Breet — Wit.

Puk se kanse is verder nog baie goed om weer die Liga te wen. Die A-span het op 1 Mei daarin geslaag om gelykop te veg met die veramaste teenstaander vir die Liga-beker, nl. Strathvaal. In 'n geveg teen Pote is 'n wegholoorwinning behaal van 11 — 0 vir die A-span en 6 — 4 vir die B-span.

**FLEURETTE BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette

*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*

KERKSTR. 143 TEL. 709

MOENIE KANSE VAT NIE . . .

*Kies*

**FOTOKUNS**

*vir*

**PORTRETTE**

*en*

**GROEPFOTO'S**

MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

# PUK EN POTE IS SATERDAG AANMEKAAR

## HARDE STRYD VERWAG

**Eerskomende Saterdag vind die botsing wat elke jaar die belangstelling van die rugbypubliek van Potchefstroom die meeste gaande maak, op Olënpark plaas wanneer die eerste-, tweede- en O/20-spanne van die Pukke en Pote aanmekaar spring.**

**'n Taai stryd word tussen die twee Eerstespanne verwag. Die afgelope twee jaar het die twee studentespanne elke jaar twee keer teenmekaar te staan gekom en behalwe vir die eerste wedstryd in 1962 wat gelykop geëindig het, moes die Pukke elke keer die onderspit delf. Die verwagting is dat hulle vanjaar alles in die stryd sal werp om die nederlae te wreek, en hulle beskik beslis oor die materiaal om dit te kan regkry.**

### MEER SLAANKRAG

Daar sal geen groot verskil in gewig tussen die twee pakke voorspelers wees nie; albei is betreklik lig. Dit is hier waar die uitslag van die wedstryd bepaal gaan word. Indien die Pukvoorspelers die oorhand oor hul teenstanders kan kry (en met Jan Kruger en Dave Tromp in die lynstane en Bulletjie de Beer om sy stem in die vaste skrums dik te maak, is dit glad nie onmoontlik nie) en die bal genoeg aan hul agterlyn besorg, gaan die Geeltruie wen. Hul agterlyn beskik beslis oor meer slaankrag as die van die Pote en met genoeg kanse sal die Swartetjies hul keer moet ken.

Die skopskoen van Spekkies de Villiers is ook 'n faktor wat die uitslag van die wedstryd kan bepaal. As Spekkies die dag op stryk is, kan hy enige wedstryd met sy skoppe wen, maar ongelukkig het hy tot dusver vanjaar baie wisselvallig vertoon.

### GEEN GEWONE WEDSTRYD

Dit is egter moeilik om voorspellings in rugby te maak en geoordeel aan die twee spanne se onderskeie vertonings in die liga vanjaar sal geeneen van hulle as gunstelinge op die veld draf nie. Een ding is egter seker — dit is geen gewone wedstryd as Puk en Poot mekaar op die rugbyveld aandurf nie, en Saterdag gaan geen uitsondering wees nie.

### ONDER-TWINTIGS

Die wedstryd tussen die O/20's sal ook met meer as die gewone belangstelling gevolg word. Albei die spanne het vanjaar reeds puik vertonings gelewer en is beide nog onoorwonne in die liga. Na verwagting sal die uitslag van die liga dan ook uiteindelik deur hierdie twee spanne uitgeveg word.



DEON JOUBERT Pote-Kaptein

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

# THEOS-SPAN VIR MÔRE



**Die Eerstespan wat môre teen Pote te staan kom, is:**
**AGTER: Jan Kruger, Faan van Tonder, Gerrit Scholtemeijer.**
**MIDDEL: Danie van Wyk, Harry Meadon, Barrjes Barnard, Dave Tromp, Bulletjie de Beer.**
**VOOR: Paul du Plessis, Gieter van der Walt (onder-kaptein), Jona Viljoen (Kapt.), Joof Otto, Dries Redelinghuys.**

**HEEL VOOR: Dawid Sauermann, Spekkies de Villiers.**

Die ander spanne van die Puk wat môre op die Park speel, is:
NAVY: D. Swanepoel; C. Aucamp, G. Oberholtzer; S. Joubert; L. Fourie; K. Havenga; E. van der Merwe; R. Ingram, D. Schoeman, (Kapt.); B. Muller, C. Siebert, J. van Graan; D. de Wet; D. Briers, P. S. V. van der Walt.

ONDER/20: B. Fourie; H. SchaleKAMP, A. du Plooy, T. George, J. Fourie; R. Steenkamp, B. de Klerk; V. van der Merwe (Kapt.), D. Malan; C. van der Merwe; L. de Bruin; G. Yssel; B. Venter; I. Schutte; W. Scott.

## Landloopmanne

Op Saterdag 16 Mei het die Puk se langasems die Pote in 'n ligabyeenkoms op die Weermagbaan geklop. Manne van die Weermag, Volk s k o o l, Strathvaal en Wanderers het ook deelgeneem en die individuele posisies wat die Pukke behaal het, was: L. Snyman 5de; D. Steyn 7de; B. Buys 12de; F. Heysteck 15de; en M. Venter 20ste.

## Tafeltennisklub

Die A- en B-spanne van die tafeltennisklub het verlede week teen Wolmaransstad opgetree. Albei spanne het teen dieselfde spanne van Wolmaransstad, wat verlede jaar 2 d e geëindig het in die liga, gespeel. Interessant is die feit dat die A-span 8-2 verloor het en die B-span met 6-4 gewen het. Toppie Markgraaf was die enigste speler in die A-span wat 'n spel gebuit het en met 'n bietjie meer afronding kon hy die ander twee spelle ook gewen het.

In die B-span het Pieter van der Walt 2 spelle gebuit en Kobie Viljoen 3 spelle; hy was die enigste Puk wat al sy wedstryde gewen het en daar behoort nog baie van en „Fides" in die toekoms gehoor te word. As die B-span so aanhou gaan hulle vir 'n groot verrassing in vanjaar se liga sorg.

# KLERKSDORP KLOP PUK IN LAASTE MINUTE

## Theos ongelukkig om te verloor

**In 'n wedstryd wat ontsier is deur talryke strafskoppe (waarvan baie binne trefafstand), is die Eerstespan verlede Saterdag deur die span van Klerksdorp onder aanvoering van oud-Puk Koos Hattingh op die Markotterveld met 18 punte (3 drieë en 3 strafskoppe) teen 12 (3 drieë en 1 strafskop) geklop. Die rustydtelling was 3 elk.**

Hoewel die wedstryd getoon het dat daar nog etlike dinge in die Pukke se mondering is wat moet uitgestryk word, was laasgenoemde tog ongelukkig om nie as oorwinnaars van die veld te stap nie — ten spyte van die feit dat Poen Duvenhage vroeg in die wedstryd beseer is en hulle vir die res van die wedstryd met sewe voorspelers moes klaarkom.

### EIENAARDIGE BESLISSINGS

Nadat in die eerste helfte 'n drie aan Klerksdorp toegeken is na 'n ooglopende vorentoe-aangee en aanslaan, is die kroon gespan op 'n reeks eienaardige beslissings toe kort voor die einde (die Pukke was op daardie stadium nog 12 — 6 voor) etlike strafskoppe binne trefafstand aan die tuisspan toegeken is. Drie hiervan is in punte omskep.

### SKRUMWERK.

Waar die Geeltruie blykbaar die meeste oortree het, was met hulle skrumwerk. Die aantal kere dat Gieter van der Walt die bal in die skrum gesit het sonder dat die Pukke gestraf is, was min. Indien daar wel so'n groot fout met die skrumwerk is (wat te betwyfel is), moet d a a r - die foute uitgestryk word voor die wedstryd teen Pote.

Die gevolg van die baie strafskoppe teen hulle was dat Bulletjie de Beer naderhand huiwerig was om te haak. Die agterlyn het gevolglik maar min van die bal gesien en kon nooit heeltemal in rat kom nie. Die kere dat hulle wel geleentheid gehad het om te hardloop met die bal, het swak hanteerwerk meer as een belowende beweging laat skipbreuk ly.

In die lynstane het Jan Kruger en Paul du Plessis hulle deel gedoen. Die res van die pak voorspelers moet net leer om hulle beter te ondersteun, want die bal is telkens deur die teenstanders afgeneem nadat dit deur die Puk bemeester is.

### SKOPPE VERBROU

Die Pukke kon beslis ook die wedstryd gewen het as Spekkies de Villiers nie Saterdag sy skopskoen by die huis vergeet het nie. Talle skoppe pale toe — sommige doodmaklik — is deur hom verbrou en hy kon slegs een maklike strafskop in punte omskep. Dit sal miskien wys wees om 'n betroubare addisionele skopper soos Dries du Plooy in die span in te sluit.

Die Pukke se ander punte is behaal deur vleuels Harry Meadon en Danie van Wyk en losskakel Dries Redelinghuys, wat elkeen 'n drie aangeteken het.

### NAVY VERLOOR NET

In 'n voorwedstryd is Navy deur Klerksdorp II met 8 —5 geklop, terwyl 'n span van die aptekers deur Klerksdorp III met 13 — 0 verslaan is.

PARKSIG EIENDOMSAGENTSKAP
★ HUISE
★ PLASE
★ PLOTTE
★ BESIGHEDE
★ STANDPLASE
*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 ——— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
INGRAM SE DRANKWINKEL
Allerlei
● WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. 12 en 2582
Kerkstraat 122 Posbus 171

Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

GISELA MAIWALD
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 ——— POTCHEFSTROOM